**J.C. van der Walt, *Zululand True Stories, 1780-1978***
Gepubliseer deur die outeur, Richardsbaai, 2007
220 pp
ISBN 978-0-6203-8071-3
R150.00

Hierdie boek is ŉ bundel van 71 artikels wat gedurende die laaste dekade in die streekskoerant *Zululand Observer* verskyn het. Die artikels is van wyd uiteenlopende aard, maar almal met ŉ historiese strekking. Dit is chronologies georden en word ingelui met ŉ vertelling oor Nandi, die moeder van die Zoeloekoning Shaka gedurende ongeveer die jaar 1780. Ander temas wat aangeraak word, is die Zoeloekoningshuis, met vertellings omtrent Shaka, Dingane, Mpande, Cetshwayo en Dinuzulu, die "wit Zoeloe" John Dunn (Jantoni) van Mtunzini, sendelinge, jagters, handelaars en natuurkundiges wat Zoeloeland vroeg in die negentiende eeu besoek het waaronder Adulphe Delegorgue (1850) en Robert Briggs Struthers (1852). Daar is verhale oor die swaarkry van sendelingvroue tot die eerste Christen-martelaar wat in Zoeloeland weens geloof tereggestel is.

Doktor Van der Walt woon sedert 1970 in Richardsbaai – hy was trouens die eerste burgemeester daarvan – en heelwat van die artikels

handel dan ook oor dinge wat hy persoonlik in die jong stad se geskiedenis meegemaak het. Hy het immers Richardsbaai se groei sedert 1969 toe die destydse regering dit as groeipunt geïdentifiseer het en aangekondig het dat daar ŉ reuse hawe gebou gaan word, beleef. Sedertdien was daar die samesmelting met Empangeni in die Stad van uMhlatuze. Fenomenale groei het plaasgevind sodat Richardsbaai vandag die besigste hawe in Suid-Afrika is.

*Zululand True Stories* is ŉ suksesverhaal in eie reg. Van der Walt het oor jare heen ŉ belangstelling in die geskiedenis van Richardsbaai en omstreke gehad en terselfdertyd ŉ reuse fotoversameling uit argiewe en Africanaversamelings opgebou. Tydens sy verblyf in Richardsbaai, is die groei van die stad ook sistematies op film vasgelê. Sy eerste boek oor Richardsbaai (*The Wonder of Richards Bay*) het in 1985 verskyn en is gedeeltelik deur advertensies gefinansier. In 2006 het hy dit gewaag om sy mees prominente artikels op eie koste in sagteband te bundel. ŉ Duisend eksemplare het van die rakke gevlieg en is binne maande uitverkoop. In 2007 het hy die boek in hardeband herdruk. Die oplaag is byna uitverkoop en ŉ derde, uitgebreide en hersiene uitgawe word reeds beplan.

*Zululand True Stories* is ŉ heerlike leesboek wat ryklik uit Van der Walt se private versameling geïllustreer is. Dit is in ŉ besonder netjiese formaat gedruk. ŉ Uitgebreide bronnelys, asook ŉ handige indeks verskyn agterin die boek.

In ŉ tyd waarin geskiedenistekste moeilik deur uitgewers aanvaar word weens die risiko van swak verkope, is Van der Walt se boek ŉ bewys dat daar steeds behoefte aan geskiedenis vir die man op straat bestaan en dat hierdie tipe boek met die regte aanslag suksesvol versprei kan word. Van der Walt verdien krediet vir waardevolle popularisering van geskiedenis.

Die boek word sterk aanbeveel. Dit kan direk van Van der Walt by Posbus 118, Richardsbaai, 3900, bestel word.

Albert van Jaarsveld
Departement Erfenisstudies
Universiteit van Zoeloeland